



Reëls en Prosedures vir die Toekenning van Emeritusprofessorate en Emeritusmedeprofessorate

Verwysingsnommer van hierdie dokument	AP0034
HEMIS-klassifikasie	
Oogmerk	Om die toekenning van emeritusprofessorate te reguleer
Soort dokument	Reëls en prosedures
Toeganklikheid	Algemeen (ekstern en intern)
Inwerkingtreddingsdatum	1 September 2015
Hersieningsdatum	Na gelang van noodsaaklike passings
Vorige hersienings	29 Mei 2019
Eienaar van hierdie reëls	Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel
Institusionele funksionaris (kurator) wat vir hierdie reëls verantwoordelik is	Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne
Goedkeuringsdatum	27 November 2020
Goedgekeur deur	Senaat
Trefwoorde	emeritusprofessors, emeritusmedeprofessors

Die kern van die beleid

Reguleer die toekenning van emeritusprofessore en emeritusmede-professore, en stel die reëls waarvolgens emeriti moet funksioneer.

1. Motivering

Die Universiteit Stellenbosch (US) ken die titel 'emeritus' toe aan alle akademici wat by hulle aftrede in essensie op die vlak van mede-professor, professor of uitgelese professor funksioneer ter bevestiging dat 'n akademiese loopbaan nie noodwendig op 'n sekere datum ten einde loop nie. Aangesien dit dien as 'n manier om erkenning aan afgetrede akademici se bydrae tot die US in die verlede te gee sowel as om akademici se bande met die Universiteit in die toekoms te behou, is 'emeritus' 'n eretitel (om eer te betoon) sowel as lewenslank. Dit kan egter herroep word of glad nie toegeken word nie indien die US reken dat 'n persoon op enige manier onwaardig is of geraak het om enigsins verder met die instelling vereenselwig te word. Dikwels lewer afgetrede professors lesings (openbare lesings sowel as in die klaskamer), skryf boeke of artikels vir vaktydskrifte of koerante, dien in nasionale en internasionale komitees en kommissies, en voer radio- en televisieonderhoude. Hierdie soort bedrywighede kan die instelling se aansien en reputasie bevorder.

Gevolglik kan emeritusakademici 'n aanwinst wees in die US se strewe om die Universiteit se aansien as 'n voorste akademiese instelling met internasionale erkenning te versterk. 'n Bepalende faktor in die verwesenliking van hierdie oogmerk is die behoud en verbetering van die Universiteit se kennisbasis, iets wat volledig in lyn met die US se Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019 – 2024 is.

Deur prosedures vir die aanstelling van emerituspersoneel in te stel en hulle voorregte uiteen te sit, verseker hierdie dokument dat senior akademiese personeel lank voor hulle aftrede weet binne watter raamwerk hulle sou funksioneer indien hulle na hulle aftrede akademies betrokke by die US sou wou wees, soos deur die betrokke fakulteit aanbeveel en deur die Universiteit goedgekeur.

2. Aanstellingsprosedures

Alle professors (d.w.s. volprofessors én mede-professors) raak emerituspersoneellede op grond van die essensiële aard van die akademiese posisie wat hulle by aftrede beklee. Uitgelese professors raak emeritusprofessore. Dit sluit professorate in wat gesamentlike aanstellings was (soos bv. in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aangetref word), met kennisgewing aan die vennootwerkgewer.

Die Afdeling Menslike Hulpbronne (MHB) stel vas watter senior akademici in 'n sekere jaar gaan aftree, en lê hulle name en toepaslike emeritustitels (bv. emeritusprofessor in toegepaste wiskunde of emeritusmede-professor in chirurgie) via die tersaaklike fakultêre akademiese aanstelling en bevorderingskomitees (AABKs) aan die Aanstellingskomitee van die Senaat (ASKS) voor, tydens enige van die ASKS-vergaderings van die betrokke jaar. Na goedkeuring word hierdie name in die ASKS se verslag aan die eersvolgende Senaatsvergadering en die Raad genotuleer vir kennisname.

Die Senaatsvoorsitter ken die toepaslike emeritusstatus tydens enige Senaatsvergadering van die jaar aan die uittredende senior akademici toe, wat volgens bogenoemde proses aangewys is. (Die prosedure is dat die Registrateur die nuwe emeriti se name aankondig, waarna die voorsitter sertifikate aan hulle oorhandig wat hulle emeritusstatus bevestig.)

Die sertifikaat moet soos volg bewoord word:

Ter bevestiging dat die status van emeritus.....
(professor/medeprofessor) in by 'n amptelike
Senaatsvergadering op aan toegeken is.

Die Registrateur sowel as die Rektor moet die sertifikaat onderteken.

3. Tipiese funksies van emeritus(mede)professors

Emerituspersoneellede mag as vrywilligers by sekere US-bedrywighede betrokke bly. Sodanige voortgesette bedrywighede verg die goedkeuring van die tersaaklike departementele hoof en die dekaan van die betrokke fakulteit. Sonder sodanige goedkeuring het emeriti geen reg om by departementele of fakulteitsbedrywighede betrokke te bly nie.

Voorbeelde van funksies wat emeriti mag vervul:

- 3.1 Tree as studieleier vir nagraadse studente op (op voorwaarde dat dit gedoen word tesame met 'n studieleier of medestudieleier wat in normale diens van die US staan).
- 3.2 Publiseer akademiese artikels. Waar toepaslik, moet die US as die gasheerinstelling in sulke publikasies aangedui word.
- 3.3 Gee lesings op uitnodiging, veral oor spesialisonderwerpe.
- 3.4 Tree as mentor vir akademiese personeel op of is in die een of ander alternatiewe rol by personeelopleiding betrokke.
- 3.5 Tree as tutor vir voor- en nagraadse studente op.
- 3.6 Dien in navorsingskomitees, anders as dié van die Senaat, en in ander reëlingskomitees waar die betrokke afgetrede akademikus se spesifieke kundigheid van hulp kan wees ('n gekoöpteerde posisie, dus).
- 3.7 Dien in oorsig- en ondersoekkomitees of verrig ander adviseurswerk op versoek.

4. Regte, voorregte en verantwoordelikhede

Emerituspersoneellede word toegelaat om die titel 'emeritus-' te gebruik saam met die werklike pos en posisie wat hulle by hulle aftrede beklee het (bv. emeritusprofessor in bedryfsielkunde of emeritusmedeprofessor in chirurgie) soos dit op daardie tydstip op die Universiteit se stelsel aangeteken was. Emeritusstatus word gewoonlik lewenslank toegeken en verbind die persoon vir hulle leeftyd aan die fakulteit en die Universiteit, maar gee die persoon nie vanselfsprekend die reg om by hulle voormalige fakulteit se bedrywighede betrokke te bly nie.

Daar bestaan geen standaard vergoeding wat met hierdie titel verband hou nie. Emeriti mag vergoeding uit derdestroomfondse (eksterne bronne) ontvang indien die befondser toestemming vir sodanige uitgawes gegee het. Indien emeriti versoek word om 'n kursus aan te bied of die een of ander amptelike taak te verrig, mag hulle die billike honorarium ontvang waarop daar ooreengekom word.

Emeriti wat steeds by navorsingsbedrywighede betrokke is, word die volgende spesifieke aktiwiteite toegelaat:

- 4.1 voortgesette toegang tot navorsingsfondse wat tot en met hulle aftrede opgebou het, onderhewig aan die uitdruklike goedkeuring van die tersaaklike departementshoof en dekaan van die betrokke fakulteit, sowel as die toekenningsvoorwaardes en normale administratiewe beheermaatreëls; en

- 4.2 aansoek om nuwe befondsing (asook NNS-gradering), onderhewig aan die normale proses wat die goedkeuring van sodanige aansoeke verg.

Algemene regte en voorregte:

- 4.3 Emeriti het geen formele aanspraak op kantoor- of laboratoriumruimte nie. Indien 'n emerituspersoneellid se bedrywighede sodanige fasiliteite verg, moet die toestemming van die departementshoof, dekaan of persoon wat vir die bestuur van die tersaaklike fisieke ruimte verantwoordelik is, verkry word.
- 4.4 Toegang tot parkeerplek sal verleen word na gelang van beskikbaarheid en teen betaling van enige toepaslike heffings.
- 4.5 Emeriti kan van 'n personeelkaart voorsien word om toegang tot geboue en ander fasiliteite te bekom ooreenkomstig die bedrywighede waarby hulle betrokke is. Die personeelkaarte van emeriti, net soos dié van ander personeellede, moet jaarliks geheraktiveer word.
- 4.6 Emeriti mag toegang tot inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) en US-stelsels kry ooreenkomstig die behoeftes van hulle spesifieke gekontrakteerde verbintenis met die Universiteit, asook tot biblioteekdienste, teen betaling van die toepaslike heffings soos van tyd tot tyd deur die Universiteit bepaal mag word.
- 4.7 Emeriti mag hulle US-e-posadres behou indien hulle dit versoek, mits hulle die gepaardgaande koste dra wat die onderhoud van so 'n fasiliteit verg.
- 4.8 Wat die perspektief van emeritusprofessors en emeritusmedeprofessors betref, kan hulle status herroep word (of nooit toegeken word nie) indien die Universiteit so sou besluit na volledige begroning deur die betrokke fakulteitsbestuur, voorgelê aan die betrokke AABK met aanbeveling vir goedkeuring deur die ASKS en kennisgewing aan die Senaat. Die gronde vir sodanige herroeping (of weiering om toe te ken) kan onder meer wees omdat die persoon die instelling se naam skade berokken het, onderpresteer het, 'n risiko vir die instelling se reputasie daarstel of aan misdadigheid skuldig bevind is.

5. Ondersteunende dokumente

Itemnr.	Naam van dokument	Status <i>(bv. uitgewys, in die proses of goedgekeur)</i>

6. Verwante dokumente

Itemnr.	Naam van dokument	Status <i>(bv. uitgewys, in die proses of goedgekeur)</i>

Bylae

Riglyne aan AABKs vir die goedkeuring van emeritusstatus:

Die proses vir die goedkeuring van emeritusstatus verg aanvanklike goedkeuring deur die fakulteit waaruit die persoon aftree. Die Afdeling Menslike Hulpbronne (MHB) identifiseer die senior akademici wat binne 'n sekere jaar gaan aftree, en lê hulle name en toepaslike emeritustitels (bv. emeritusprofessor in toegepaste wiskunde of emeritusmedeprofessor in chirurgie) via die fakultêre akademiese aanstelling en bevorderingkomitees (AABKs) aan die Aanstellingskomitee van die Senaat (ASKS) voor, by enige van die ASKS-vergadering van die betrokke jaar. **Die AABKs moet op grond van die onderstaande maatstawwe aansoeke om die toekenning van emeritusstatus oorweeg en by die ASKS aanbeveel:**

1. Die betrokke akademikus is iemand **van goeie naam** op die tydstip van aftrede, en geen hangende of afgehandelde dissiplinêre maatreëls is of was gedurende die afgelope jaar teen die persoon ingestel nie.
2. Die betrokke akademikus het nie tydens die voorafgaande drie jaar **onderpresteer nie** (d.w.s. het 'n prestasiebeoordelingspunt van minstens 3 in al drie betrokke jare behaal).
3. Dit sal geen huidig bekende **risiko vir die fakulteit of die Universiteit Stellenbosch se reputasie** daarstel as die titel 'emeritus-' toegeken word – en daardeur die betrokke akademikus vir die res van sy of haar leeftyd met die fakulteit en Universiteit vereenselwig – nie.

Indien geeneen van bogenoemde faktore tersaaklik is nie, beveel die AABK aan dat die ASKS emeritusstatus aan die persoon toeken.
